Nuusbrief 08 / 24 April 2025

MIDSTREAM RIDGE EXCELLENTIA

RAKKER

R – Respek / Respect
A – Authentic / Oorspronklik
K – Kreatief / Creative
K – Kommunikasie / Communication
E – Entoesiasme / Enthusiastic
R – Responsibility / Verantwoordelikheid

> **Daar is twee dinge wat jy elke oggend kry, 'n kans en 'n keuse.**

# Uit die Hoof se Kantoor

Beste Ouers

In 'n snelveranderende wêreld is dit noodsaaklik dat *Midstream Ridge* steeds vernuwend sal optree, sonder om gevestigde waardesisteme oorboord te gooi. Ons status word nie bepaal deur wat op borde by die skool staan nie, maar deur wat in die harte van kinders, ouers en personeel omgaan. Daarom wil ons kinders en onderwysers hê wat met selfrespek en respek teenoor mekaar optree.

Ons uitgangspunt moenie wees "Wat kan ek hieruit kry nie?". NEE, vra die volgende vraag: "Watter bydrae kan ek tot die mooi dinge van ons skool maak soos integriteit, trots, goeie maniere en lojaliteit?" Ek wil 'n ernstige beroep op elkeen doen wat deel van sportspanne is, wees lojaal aan ons spanne en skool, en woon elke wedstryd by. Dit blyk dat dit maklik geraak het om ons langnaweke nog langer te maak en dan ons spanne met rooi gesigte te laat as dit by wedstryde kom. U samewerking in dié verband sal baie waardeer word.

*"'n Goeie onderwyser is soos 'n kers – dit verteer homself om die pad vir ander te verlig."*

*Matt 5:14 "Julle is die lig van die wêreld. 'n Stad wat bo-op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie, en 'n mens steek ook nie 'n lamppit op en sit dit onder die maatemmer nie".*

Mag ons as *Midstream Ridge*-gemeenskap, ons lig in alle opsigte laat skyn dat niemand ons kan miskyk nie.

Geniet die af-week wat voorlê.

## INLIGTING

**Mei - Jul 2025**

### HERSIENING VAN U KIND SE MEDIESE BESONDERHEDE

Ons versoek ouers om u kind(ers) se mediese rekords op datum te bring. Vind asseblief die onderstaande skakels vir handleidings om dit op beide die *EDANA-toep*, asook die *Ouerportaal* te doen:

**MEDIES ~ OUERPORTAAL**

**MEDIES ~ EDANA**

## OORSKAKELING NA WINTERSUNIFORM

Met die herfs in die lug en die koeler dae, het leerders die opsie om wintersdrag te dra, mits dit volle winters- of somersdrag is. Die uniform vir verskillende seisoene mag nie gemeng word nie. Die amptelike datum waarop ons na wintersdrag oorskakel, is Maandag 5 Mei.

## GRAAD 8-INSKRYWINGS (2026)

Graad 8-inskrywings vir 2026 is tot 28 April 2025 oop. Indien u u kind by *Midstream College* wil inskryf, moet u asseblief aanlyn aansoek doen.

Besoek asseblief die *Midstream College*-webblad vir al die nodige instruksies en die aanlyn toelatingsvorm: https://www.midstreamcollege.co.za/af/toelatings/

**K**ontak me. Anique van Zyl by (AniqueV@midstreamcollege.co.za) vir enige toelatingsnavrae.